# AFRIKAANS VOORDRAG EN DRAMA

03 - 07 Augustus 2026

**Venue:** Nederduitsch Hervormde Kerk Van Afrika, Mbombela
120 Belladonna St, Stonehenge 310-Jt, Mbombela

**Afdelingshoof:**
**Marli Fritz – 082 451 3157**
**marlifritz12@gmail.com**
**Marietjie Green – 082 450 9450**
**Marietjiegreen1958@gmail.com**

**Die algemene reëls moet saam met die spesifieke reëls gelees word**

Geen betaling, geen inskrywing, geen deelname!

## INSKRYWINGSFOOIE

| | |
|---|---|
| Solo | R 145-00 pp |
| Duet | R 90 -00 pp |
| Klein Groep 3-10 | R 70-00 pp |
| Groot Groep 11+ | R 50-00 pp |
| Spreekkore | R 40-00 pp |

## Spesifieke Reëls

- **SWART TEATERDRAG IS VERPLIGTEND VIR GEDRAMATISEERDE WERK BEHALWE AS ANDERS VERMELD WORD.**

- Dui die **tydsduur** van die werke duidelik aan. Dit is belangrik met die oog op die opstel van die program. **Let op die toegelate tye aangedui by elke item.**
- Gedig moet ingehandig word by registrasie.
- Geen WERK mag in **meer as 1 afdeling** aangebied word nie.
- Geen deelnemer mag in 2 agtereenvolgende jare **dieselfde werk** aanbied nie.
- **'n Deelnemer mag slegs EEN keer per item deelneem.**
- **Afrikaanse Drama Toekenning: 'n Wisseltrofee vir Laerskool en Hoërskool word by die Gala-geleentheid oorhandig. Die hoogste gemiddeld van 'n deelnemer se 4 beste items in die Afrikaanse Afdeling is bepalend.**

# INDIVIDUELE AFDELING

**ITEM AFR 1 ONGEDRAMATISEERDE POËSIE – SLEGS EIE KEUSE**

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 1 minuut |
| Gr 4 – 7 | 2 minute |
| Gr 8 – 12 | 3 minute |

- Minimale gemotiveerde bewegings word toegelaat.
- Gedig moet by die deelnemer pas.

---

**ITEM AFR 2 GEDRAMATISEERDE POËSIE**

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 2 minute |
| Gr 4 – 7 | 3 minute |
| Gr 8 – 12 | 4 minute |

- 'n Gedig word gedramatiseer met gemotiveerde bewegings, gebare en verhoogbeplanning.
- Bewegings mag egter nie die gesproke woord oorheers nie.
- Rostrums en/of stoele toelaatbaar – geen rekwisiete.

---

**ITEM AFR 3 BEREDENEERDE TOESPRAAK**

| | |
|---|---|
| Gr 1-3 | 2 minute |
| Gr 4-7 | 3 minute |
| Gr 8 - 12 | 5 minute |

- Enige beredeneerde onderwerp mag gebruik word.
- Dit moet 'n oorredende toespraak wees met 'n standpunt, verkieslik drie argumente, inleiding en slot.
- Geloofwaardige bronne en eie mening (voorbeelde vanuit leefwêreld) moet elke argument versterk.
- Daar mag van kaarte met kernpunte/nota's op gebruik gemaak word.
- Oorredende aanbieding sluit o.a. in: stem en spraak, natuurlike geseselsstyl, voorkoms, oogkontak en notahantering.

---

## ITEM AFR 4 GEDRAMATISEERDE PROSA

| | |
|---|---|
| Gr 1 - 3 | 2 minute |
| Gr 4 - 7 | 3 minute |
| Gr 8 – 12 | 4 minute |

- 'n Individuele voordrag van 'n gesproke of geskrewe teks waar beweging en handgebare gebruik word.
- Die bewegings moet die gesproke woord beklemtoon, gemotiveerd wees en nie net fisiese vertaling van die woorde wees nie.
- Die gesproke woord moet te alle tye die belangrikste deel wees, nie die bewegings nie.
- Rostrum, stoel ens. mag gebruik word. Geen rekwisiete.

---

## ITEM AFR 5 KARAKTERUITBEELDING

| | |
|---|---|
| Gr 1 - 3 | 2 minute |
| Gr 4 - 7 | 3 minute |
| Gr 8 - 12 | 4 minute |

- 'n Dramatiese vertolking deur 1 persoon deur middel van woord, gebaar, beweging en gesigspel - **2 of meer karakters word uitgebeeld**.
- 'n Samehangende gedeelte uit 'n toneelstuk of 'n verwerking uit 'n prosawerk kan gebruik word. Slegs dialoog toelaatbaar.

---

## ITEM AFR 6 MONOLOOG

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 2 minute |
| Gr 4 – 7 | 3 minute |
| Gr 8 – 12 | 4 minute |

- 'n Uittreksel uit 'n toneelstuk of eenbedryf of 'n verwerkte gedeelte uit 'n drama of boek, wat aangebied word as alleenspraak.
- Die deelnemer bly een karakter,
- Bewegings en handgebare is toelaatbaar om die karakter lewe te gee.
- Afhangende van die stuk kan die stuk in die gehoor ingespeel word of daar kan gebruik gemaak word van die vierde muur.
- Kostuums moet verkieslik gebruik word om die karakter voor te stel.
- Rekwisiete kan gebruik word om die teks te beklemtoon, maar moet tot 'n minimum beperk word.

---

**ITEM AFR 7 ONVOORBEREIDE BLADLEES – POËSIE**

Gr 3 – 12

- Lede ontvang leesstuk 5 minute vooraf.

- **5** Minute voorbereiding word toegestaan voor optrede.

---

**ITEM AFR 8 ONVOORBEREIDE BLADLEES – PROSA**

Gr 3 – 12

- Lede ontvang leesstuk 5 minute vooraf.
- **Let wel:** hierdie afdelings is slegs vir uitstaande leser.

---

**ITEM AFR 9 IMPROVISASIE**

Gr 4 – 12 3 minute

- Onvoorbereid.
- Beoordelaar gee 5 minute voor optrede ’n onderwerp aan leerling waarin hy/sy ’n **MONOLOOG** moet uitdink.
- Die deelnemer bly deurgaans dieselfde karakter en speel teenoor ’n denkbeeldige persoon.

---

**ITEM AFR 10 DUO IMPROVISASIE**

Gr 4 – 12 3 minute

- Onvoorbereid.
- Beoordelaar gee 5 minute voor optrede ‘n onderwerp aan deelnemer waarin hy/sy ‘n **PROSA** volgens die tema uitdink.
- Die deelnemer sal dan ‘n verhalende gedeelte en minstens twee karakters uitbeeld.
- Die deelnemer speel dan teenoor ‘n denkbeeldige karkater.
- Stoele en rostrums toelaatbaar.

---

## ITEM AFR 11 ONGEDRAMATISEERDE POËSIE: ANDERSTALIGE

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 1 minute |
| Gr 4 - 7 | 2 minute |
| Gr 8 - 12 | 3 minute |

- Minimale gemotiveerde bewegings word toegelaat.
- Gedig moet by die deelnemer pas.

---

## ITEM AFR 12 GEDRAMATISEERDE POËSIE: ANDERSTALIGE

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 2 minute |
| Gr 4 - 7 | 3 minute |
| Gr 8-12 | 3 minute |

- ’n Gedig word gedramatiseer met gemotiveerde bewegings, gebare en verhoogbeplanning.
- Bewegings mag egter nie die gesproke woord oorheers nie.
  Rostrums en/of stoele toelgelaat – geen rekwisiete.

---

## ITEM AFR 22 VOORBEREIDE LEES: POëSIE

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 2 minute |
| Gr 4 - 7 | 2 minute |
| Gr 8-12 | 3 minute |

- Lesers moet ’n duidelike afskrif van die leesstuk inhandig by die beoordelaar.
- Dit is ’n LEES afdeling, daarom moet deelnemers ’n leesstuk gebruik en nie voordra nie.
- Minimum tydsvereiste is 1,5 minute.
- Die titel en skrywer van die leesstuk moet aangekondig word nadat die deelnemer hom/haar self voorgestel het.

---

## ITEM AFR 23 VOORBEREIDE LEES: PROSA

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 2 minute |
| Gr 4 - 7 | 2 minute |
| Gr 8-12 | 3 minute |

- Lesers moet 'n duidelike afskrif van die leesstuk inhandig by die beoordelaar.
- Dit is 'n LEES afdeling, daarom moet deelnemers 'n leesstuk gebruik en nie voordra nie.
- Die minimum tyd vir Laerskooldeelnemers is 1,5 min. en Hoërskooldeelnemers 2 min.
- Die titel en skrywer van die leesstuk moet aangekondig word nadat die deelnemer hom/haar self voorgestel het.

# GROEPWERK AFDELING

**ITEM AFR 13 SAMESPRAAK (Duet)**

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 2 minute |
| Gr 4 - 7 | 3 minute |
| Gr 8 - 12 | 4 minute |

- 'n Toneel (nie revue, kabaret of Duet-poësie nie) in die kleine word aangebied deur 2 lede wat elk 'n deurlopende karakter vertolk.
- Kostuums, dekor en byklanke mag spaarsaam gebruik word.

---

**ITEM AFR 14 DUET VOORDRAG**

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 2 minute |
| Gr 4 – 7 | 3 minute |
| Gr 8 - 12 | 4 minute |

- 'n Deelnemer mag net aan 1 groep deelneem.
- 'n Gedig of gedigte rondom 'n sentrale tema word deur 2 lede as 'n groep vertolk.
- Die gekose gedigte sal bepaal in watter mate dit gedramatiseer kan word.

---

**ITEM AFR 16 TRIO VOORDRAG**

| | |
|---|---|
| Gr 1-3 | 2 minute |
| Gr 4-7 | 3 minute |
| Gr 8-12 | 4 minute |

- ‘n Deelnemer mag net aan een groep deelneem.
- ‘n Gedig of gedigte rondom ‘n sentrale tema word deur drie lede as ‘n groep vertolk.
- Die gekose gedig / gedigte sal bepaal in watter mate dit gedramatiseer kan word.

---

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

### ITEM AFR 17 ONGEDRAMATISEERDE SPREEKKORE

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 3 minute |
| Gr 4 – 7 | 4 minute |
| Gr 8 – 12 | 5 minute |

- 1 Gedig met 11 of meer lede word sonder bewegings of gebare aangebied.

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

### ITEM AFR 18 GEDRAMATISEERDE SPREEKKORE

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 3 | 4 minute |
| Gr 4 – 7 | 5 minute |
| Gr 8 – 12 | 6 minute |

- 1 Gedig met 11 of meer lede word met gebare en bewegings aangebied. Klere word matig gebruik.

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

### ITEM AFR 19 GEDRAMATISEERDE GROEPSPOëSIE PROGRAM

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 4 | 5 minute |
| Gr 5 – 7 | 7 minute |
| Gr 8 – 12 | 9 minute |

- Gedigte word gedramatiseer deur paslike gebare en bewegings rondom 'n tema.
- 11 of meer lede kan deelneem.
- Enige hulpmiddels mag gebruik word, maar moet nie die gesproke woord oorheers nie.
- Eenvoudige (nie volle) kostuums mag gebruik word.

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

---

## ITEM AFR 20 EKSPERIMENTELE OF KREATIEWE GROEPWERK

| | |
|---|---|
| Gr 1 – 4 | 5 minute |
| Gr 5 – 7 | 6 minute |
| Gr 8 – 12 | 7 minute |

- 11 of meer lede. 'n Verskeidenheid van materiaal, bv. Gedig, prosa, dans, drama, sang insetsels, gedramatiseerde spreekkoor en individuele items.
- Dit is nie 'n toneelstuk nie.
- Die klem val hier op oorspronklike kreatiewe werk rondom 'n tema. Bykomende effekte soos o.a. beligting, byklanke en musiek mag nie die woord oorheers nie.
- Eenvoudige (nie volle) kostuums word toegelaat.

---

## ITEM AFR 21 MINI-TONEEL

| | |
|---|---|
| Gr 4 – 7 | 20 minute |
| Gr 8 – 12 | 20 minute |

- 'n Toneel (nie revue, kabaret of spreekkoor nie) in die kleine word aangebied deur verskeie akteurs wat elk 'n spesifieke karakter vertolk in dieselfde kort toneelstuk of uittreksel uit 'n toneelstuk.
- Die teks moet 'n spanningslyn hê
- Kostuums, dekor, rekwisiete en byklanke mag spaarsaam gebruik word.
- Deelnemers kry 5 minute om die stel op te stel.

---

## ITEM AFR 24 SPANREDENAARS

| | |
|---|---|
| Gr 3 – 5 | 7 – 10 minute |
| Gr 6 – 7 | 9 – 12 minute |
| Gr 8 -12 | 9 – 15 minute |

- 'n Voorbereide beredeneerde toespraak met 4 lede per span – 'n inleier en 3 sprekers.
- Elke spreker het sy eie toespraak met 3 argumente, bronne en eie mening.
- Almal deel dieselfde standpunt (primêre standpunt). (Die 3 argumente van 'n individuele toespraak word die sekondêre standpunte van die 3 sprekers, wat weer 3 argumente onder elke sekondêre standpunt het.)
- Die inleier stel die spanlede en primêre standpunt in die inleiding aan die gehoor bekend en behartig aan die einde weer 'n samevattende slot.
- Die 3 sprekers kry elk 'n sekondêre standpunt, wat die primêre standpunt ondersteun met 3 argumente, eie mening en bronne. Span moet 'n **eenheid** vorm.